# LES 04 GELIEFDE KINDERS: GOD WYS ONS MOOI DUIDELIK HOE HY WIL HÊ DAT ONS HOM MOET LIEFHÊ.

1. **Ons hoef nie te wonder hoe ons God moet liefhê nie.**
Party keer is dit vir kinders moeilik om hulle ouers lief te hê omdat hulle nie weet wat hulle ouers van hulle verwag nie. Dit gebeur partykeer dat ouers kla en vir kinders beskuldig dat hulle kinders nie vir hulle lief genoeg is nie. As hierdie kinders dan probeer om hulle liefde te wys met mooi maniere, huiswerk wat gedoen is en kamers wat mooi skoon is, dan kyk die ouers nie daarna nie. Dan weet 'n kind nie meer hoe moet hy maak om te wys hy is lief vir sy ouers nie. Dit is baie moeilik om altyd te wonder nou hoe moet jy iemand liefhê.

Die Here wil nie hê dat sy kinders so moet sukkel om te weet hoe hulle Hom moet liefhê nie. Daarom het die Here vir sy kinders baie eenvoudig en duidelik gewys hoe Hy wil hê dat hulle Hom moet liefhê. Kyk hoe sê die Bybel dit in Deuteronomium 30: "[11] "Die gebod wat ek jou vandag beveel, is nie te moeilik vir jou nie. Dit is ook nie buite jou bereik nie. [12] Dit is nie in die hemel nie, sodat jy nie hoef te sê: 'Wie sal vir ons opklim hemel toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe' nie. [13] Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy nie hoef te sê: 'Wie sal vir ons oorvaar na die oorkant toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe' nie. [14] Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daaroor praat, jy ken dit, jy kan daarvolgens lewe."

Die Here se kinders hoef nie iewers te gaan rondloop en soek na hoe hulle die Here moet liefhê nie. Ons hoef nie te probeer om iewers in die hemel rond te gaan soek nie. Baie mense gaan soek so in die hemel rond asof God nie wys hoe ons Hom moet liefhê nie. Hulle probeer drome droom oor die hemel. Hulle probeer voel asof hulle binne in die hemel is. Hulle probeer maak asof engele uit die hemel met hulle gepraat het. Hulle probeer maak asof die Here uit die hemel aan hulle verskyn het en hulle sommer die Here se stem so hoor praat het soos mense met mekaar praat.

Kyk wat sê die Bybel: Dit is nie in die hemel nie, sodat jy nie hoef te sê: 'Wie sal vir ons opklim hemel toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe' nie.

Ons hoef ook nie oorsee te gaan na ander lande,mense en kerke toe om te probeer uitvind hoe om die Here lief te hê nie. Baie mense gaan oorsee en as hulle van oorsee af terugkom, dan sê hulle die Here het vir hulle oorsee gewys hoe om Hom regtig lief te hê. Ander sê weer dat hulle oorsee sulke spesiale mense ontmoet het en hierdie mense het vir hulle gewys hoe om die Here regtig lief te hê. Ander mense sal sê dat hulle het na Israel toe gegaan waar die Here gebore was en geleef het en daar het hulle sommer gevoel of sommer 'n stem gehoor wat vir hulle gewys het hoe om die Here lief te hê.

Kyk wat sê die Here vir ons in die Bybel: Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy nie hoef te sê: 'Wie sal vir ons oorvaar na die oorkant toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe' nie.

2. **Die Here maak dit vir sy kinders maklik om Hom lief te hê**
Die Here sê Hy het vir ons 'n gebod gegee om vir ons te wys hoe ons Hom moet liefhê. Kom ons kyk wat die Here alles oor hierdie gebod sê:

- Hierdie gebod is nie iewers ver weg nie. Dit is naby ons.
- Hierdie gebod is nie te moeilik vir ons nie. Ons kan dit doen.
- Hierdie gebod is nie onverstaanbaar en onduidelik nie. Dit is 'n gebod waaroor ons self kan praat en self kan uitsorteer wat dit beteken, sonder slim of spesiale mense wat beter weet as wat ons weet.
- Hierdie gebod is nie iets vreemds wat ek moet leer soos wiskunde of aardrykskunde nie. Dit is 'n gebod wat elkeen van ons ken. Ons weet wat dit is.

3. **Hierdie gebod is die Tien Gebooie.**
Wat is hierdie gebod wat ons ken, waaroor ons kan praat, wat naby ons is, wat duidelik en verstaanbaar is en wat mense kan doen omdat dit nie te moeilik is nie?

Hierdie gebod is die Tien Gebooie.

Onthou julle nog die Tien plae in Egipte? Die Here het gesien dat sy kinders swaarkry. Hulle was moeg en doodgewerk deur 'n koning wat gedink het dat hy is god. Dit was die farao van Egipte.

Die Here het sy kinders gehelp. Hy het met plae vir die koning eers gewys dat hy moet luister en die Here se kinders uitlos. Toe hy nie na die Here wil luister nie, het die Here hom so seer gemaak dat hy geluister het. Hy het die Here se kinders vrygemaak. Hulle was nie meer sy slawe wat hulle moes doodwerk vir sy simpel grootmeneer drome nie. Hulle kon nou vry wegtrek na die land waar hulle die Here kan gaan dien het.

Maar hoe moet hulle die Here liefhê?

Dit wys die Here vir hulle deur vir hulle alles wat Hy wil hê vir hulle kort, mooi, eenvoudig en duidelik te sê. Hierdie mooi, kort, duidelike en eenvoudige manier waarop ons die Here moet liefhê, is die Tien Gebooie.

Kom ons lees die Tien Gebooie – en onthou, as jy ooit gewonder hert hoe jy die Here moet liefhê, hier wys die Here vir jou presies hoe Hy wil hê jy Hom moet liefhê!

Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: [2] "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.

**1** [3] Jy mag naas My geen ander gode hê nie.

**2** [4] "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. [5] Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, [6] maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.

**3** [7] "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.

**4** [8] "Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou. [9] Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, [10] maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. [11] Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.

**5** [12] "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.

**6** [13] "Jy mag nie moord pleeg nie.

**7** [14] "Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

**8** [15] "Jy mag nie steel nie.

**9** [16] "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.

**10** [17] "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."

**4. Ons het God lief as ons sy gebooie gehoorsaam**.
Dit is hoe die Here ons wys hoe om Hom lief te hê. Kyk wat sê die Here vir ons in 1 Joh. 5 verse 2 en 3: [2] Hiéraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. [3] Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam.

Hoe weet jy of jy die Here lief het of nie? Dit is nie moeilik nie. Ons het God lief wanneer ons luister en doen wat Hy vir ons in die Tien Gebooie sê. Hoe weet jy of jy jou pa en ma, jou boeties en sussies regtig liefhet? Dit is ook nie moeilik nie.

Die Here sê vir ons in die Tien Gebooie presies hoe ons al die mense om ons moet lief hê.

5. **Die Here laat ons nie wonder nie**.
Kom ons kyk of die Here waar praat as as Hy vir ons sê ons hoef nie te wonder hoe ons Hom moet lief hê nie. Hy sal vir ons baie eenvoudig en duidelik wys hoe om Hom lief te hê. Hy sal vir ons dit maklik maak om Hom lief te hê!

Die Here sê ons moet Hom liefhê: ons mag nie steel nie. Dit is hoe ons ander mense lief het.

As die Here dit vir ons sê, is dit onduidelik en onverstaanbaar wat ons moet doen? Of weet ons presies wat die Here van ons vra? Dit is die wonder van die Here se wet: toe jy nog sommer een of twee jaar oud was, en jy vat jou boetie of sussie se speelgoed, het jy dit al so skelm-skelm gedoen. Toe al het jy geweet dit is iets wat die Here nie wil hê jy moet doen nie. Dit is so duidelik en eenvoudig dat klein kindertjies al weet wat om te doen en wat om nie te doen nie.

Het ons mense nodig wat vertel dat die Here in 'n droom aan hulle verskyn het en vir hulle gesê het steel is verkeerd, voor ons weet steel is verkeerd? Al het jy nog nooit só 'n oom of tannie hoor praat van hoe die Here met hulle in stemme praat nie, weet jy steel is steel. Die Here het hierdie wet naby aan almal gebring – ook aan klein kindertjies. Dit is nie iets ver wat ander mense uit ander lande vir ons moet kom leer en wys nie. Die Here wys dit elke dag vir ons almal self.

Die Here laat ons nooit wonder hoe ons Hom moet liefhê nie. Hy wys vir ons elke dag presies hoe ons Hom moet liefhê. Hoe ons die Here moet liefhê, wys Hy vir ons in die Tien Gebooie.

Daarom gaan ons die res van die jaar kyk hoe die Here in die Tien Gebooie vir ons wys hoe ons Hom moet liefhê. Hy laat ons nooit sukkel om te wonder nie. Hy wys ons alles duidelik.

**Opdrag.**
Gaan vra vir enige grootmens: waar het die Here vir ons gewys hoe ons Hom moet liefhê?

Onthou die antwoord: Hy het dit vir ons in die Tien Gebooie gewys.

Dan vertel jy vir hulle dit is so naby, duidelik en verstaanbaar dat ons nie stemme uit die hemel of mense uit ander lande oorkant die see nodig het om vir ons te wys hoe die Here ons liefhet nie. Hy wys dit vir ons sommer self.